GASVRYHEIDSTUDIE GRAAD 10 OPDRAG 1 Me Z van der Mescht

NAAM EN VAN: _____

OPDRAG ONTVANG: 3 JUNIE 2020

INHANDIGINGSDATUM: 10 JUNIE 2020

Beantwoord die volgende vrae op die folio en handig weer so in. Die vrae handel oor Hoofstuk 6. KOMBUISTOERUSTING.

VRAAG 1

1.1 **PAS-ITEMS**
Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by die term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die simbool (A - H) langs die vraagnommer (1.1.1.1 - 1.1.1.5) op jou foliopapier neer.

1.1.1

	KOLOM A TERM	ANTWOORD		KOLOM B BESKRYWING
1.1.1.1	Konfoor	_____	A	Hoë druk en kookwater maak bv. groente gaar.
1.1.1.2	Wafelmaker	_____	B	Kan broodkrummels en souse maak met vinnige lemme
1.1.1.3	Versapper	_____	C	'n Warmwaterbad
1.1.1.4	Bain-Marie	_____	D	Word gebruik om wafels te maak.
1.1.1.5	Stomer	_____	E	Soliede metaalplate wat van onder af verhit word.
			F	'n Gemotoriseerde waaier versprei die hitte.
			G	Word gebruik om brood te rooster.
			H	Word deur kerse of vlambare jel verhit.

(5)

1.2 Bestudeer die resep en beantwoord die vrae wat volg.

BOTTERBROODJIES

BESTANDDELE:
225 g Meel
60 ml Bakpoeier
5 ml Sout
125 g Margarien
2 Eiers
230 ml Melk

METODE:
1. *Voorverhit die oond tot 240°C*
2. *Smeer 'n bakplaat*
3. *Sif droë bestanddele saam*
4. *Vryf die margarien in*
5. *Klits die eiers en melk saam*
6. *Voeg by droë bestanddele en meng saam*
7. *Rol 2 cm dik uit en rol in vorms*
8. *Glaseer die bo-kant*
9. *Bak vir 12-15 minute*

1.2..1 Identifiseer die apparaat waarmee jy die volgende sal afmeet.

a. Margarien _____ (1)

b. Melk _____ (1)

c. Koekmeel _____ (1)

VRAAG 2

Verduidelik die gebruik van elk van die volgende toerusting.

2.1 Voedselverwerker

_____ (1)

2.2 Elektriese handklitser

_____ (1)

2.3 Dompelmenger

_____ (1)

2.4 Braairooster

_____ (1)

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die skoonmaak van klein toerusting in die kombuis. (8)

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

TOTAAL: 20